6 September 2026

Sing: Ps. 84:1,2; Ps. 84:6; Ps. 51:1,6; Ps. 105:21,22; Ps. 107:1,4.

Lees: Deut. 8:1-10; Matt. 4:3-4

Teks: Matt. 4:3-4

Tema: Christus deurstaan die eerste versoeking dat ons aan die Vader se wil gehoorsaam sal wees.

Die aard van die versoeking

Oor die algemeen wil die satan deur die versoekings Christus verlei om nie gehoorsaam aan sy Vader se wil te wees nie. Al het die Gees Christus vervul het hy volkome mens gebly en honger geword nadat Hy al vir veertig dae lank vas. Die satan rig die eerste versoeking op hierdie hongerte van Christus deur 'n twyfelvraag aan Christus te stel. As Hy die Seun van God is moet hy vir die klippe beveel om brode te word. Hy kan as Seun van God tog net die woord spreek en dan sal die wonder gebeur, maar dit is nie die wil van die Vader nie.

Die doel van die versoeking

Wanneer Christus se eie wil bo die van die Vader plaas sal die satan daarin slaag om 'n skeiding in die Drie-eenheid te bring. Indien Christus in sy goddelike krag sal optree en sy eie behoefte voorop stel word die Vader nie meer verheerlik nie, met die gevolg dat Christus dan ook nie die volkome verlosser kan wees nie. Wanneer ons ons eie belang en selfbehoud bo die wil van die Here stel is kan ons Hom ook nie verheerlik nie. Vir ons as kinders van die Here is dit ons hoogste goed dat om die Vader in alles te verheerlik.

Die antwoord op die versoeking

Christus antwoord die duiwel se versoeking deur self die Here se Woord soos in die Ou Testament aan te haal. Die mens se lewe is meer as net sy eie behoeftes en belange. Dit is beter vir die Here se kinders om in gehoorsaamheid te doen wat die Here in sy Woord beveel en op sy voorsiening te wag. Israel het in die midde van hulle woestynomswerwing in die woestyn die liefde en trou van die Here gesien. Hy sal ons deur al ons beproewinge dra en versorg, terwyl ons in gehoorsaamheid voor Hom lewe.

Aanddiens

Sing: Ps100:1,2,3,4; Skr. 27:1,4; Ps. 138:1,2

Lees: Psalm 63; NGB 1

Teks: Psalm 63:2

Tema: Ons glo in God en hierdie belydenis is die fondament van ons hele lewe

Ons geloof in God

Die eerste artikel van die Nederlandse geloofsbelydenis vorm die fondasie van elke gelowige se belydenis. Ons glo in een enige geestelike wese wat ons God noem. Buiten Hom is daar geen ander Here nie en niks of niemand anders wat aans aanbidding en eer waardig is nie. Hy is ook die almagtige wat bo sy skepping verhewe is, Daarom kan ons hom aanbid en hoef ons nie te poog of redeneer om te bewys dat Hy bestaan nie. Ons glo in Hom want Hy is ons enige Here

Ons belydenis oor God

Dit wat ons met die hart glo kan ons ook met die mond bely. Ons kosbare geloof word in ons harte ingestort en bewaar, maar dan moet dit uiting vind in belydenis en rekenskap wat ons gee. Die wêreld wil hierdie belydenis nie hoor en ook nie daarop ag gee nie. Nogtans moet ons bereid wees om altyd verantwoording te gee van dit wat ons glo. Dit is eindelik die roeping van elke gelowige en van die kerk van die Here om te getuig wie die Here is

Die wese van God

Dit is noodsaaklik dat ons met die hart in God glo en dat ons met die mond dit wat ons glo sal bely. Die vraag is dan wat dit is wat ons van die Here glo. In NGB art 1 word die verskillende eienskappe van die Here bondig, maar ook duidelik genoem. In al hierdie einskappe van die Here word dit duidelik dat Hy waarlik goed is en dat ons Hom daarom kan loof en prys.